2026
24 - 31 MEI

# Eldo-Nuusbrief

Hiér maak **JY** saak

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak

## Gedagte vir die week



Ongeregtigheid is iets waarmee ons daagliks te doen kry - ongeregtigheid wat ons raak of wat met ander gebeur… Spreuke herinner ons dat ons moet opstaan as iets gebeur wat verkeerd is. Ons moet opstaan vir die wat swaar kry en nie stil-stil probeer van 'n situasie onttrek nie. Dit is makliker gesê as gedaan en mens kan voel jou een stem gaan nie 'n verskil maak nie, maar vir die een persoon vir wie jy opstaan is dit al klaar iets groots. So, hou moed en help die wie deur die lewe soms ondergekry word.

*Spreuke 31:8-9 - Maak jou mond oop vir die stemlose, vir die regsaak van almal wat wegkwyn. Maak jou mond oop, oordeel regverdig, en handhaaf die reg van die magtelose en behoeftige.*




## Wat gebeur alles die maand?

### Eredienste:

**Sondag 24 Mei**
09:00 Pinksterdiens
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

**Sondag 31Mei**
09:00 Erediens (DOOP)
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

**Sondag 7 Junie Diens@6 Kapingsdiens**
09:00 Erediens
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

**Sondag 14 Junie**
09:00 Erediens
09:00 Mini-Chomps in die Ark
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal
18:00 Diens@6 Erediens en Tiener Kleingroepe

Kyk die eredienste 'live' op YouTube!

**Soek jy 'n opsomming van laasweek se preek?**

Kliek hier!

**vir die Gespreksgids!**

Kry die kerkkalender op die kerk se webtuiste

## Eldo-Chomps




### Mini & Eldo-Chomps 2de kwartaal

17 Mei - Kinderkerk
24 Mei - Kinderkerk
31 Mei - Kinderkerk
7 Junie - Kinderkerk
14 Junie - Jeugdag
21 Junie - Kinderkerk

CHOMPS

Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!

## Diens@6

### DIENS@6 PROGRAM:

10 Mei: Erediens en Kleingroepe Gr 10 How2Serve (Moedersdag)
17 Mei: Belydenisaflegging
24 Mei: Erediens en Kleingroepe
31 Mei: Erediens en (Quiz aand na die erediens)
7 Junie: Diens@6 neem oggenddiens 9 uur oor ( Geen aanddiens by Diens@6)
14 Junie: Geen Diens@6 agv Langnaweek
21 Junie: Erediens "oppi dek" DOUGHNUTS WITH DAD (VADERSDAG)
28 Junie - 19 Julie: Geen Diens@6 (Vakansie)
26 Julie: WELKOM TERUG NA DIE VAKANSIE: Erediens en kleingroepe

TIENERS STOF

ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Hiér maak JY saak





ELDO VOETSPORE DAGSTAPPE

Saterdag, 16 Mei, het 8 van ons by die Van Gaalen gaan stap. Dit was 'n heerlike herfsoggend en baie mooi langs die rivier en tussen die riettonnels deur. Daarna het ons 'n laat ontbyt saam geëet en lekker gekuier.

Gaan kyk na al die foto's op Eldo Voetspore se fb blad.

As julle 'n volgende keer saam wil stap, hou die afkondigings dop of kontak Laetitia Marais by 083 606 4280.













**BELYDENISAFLEGGING 17 MEI 2026**

**SPESIALE OOMBLIKKE VAN DIE AAND**

























Eldoraigne Familiekerk is nou op Instagram!
Gaan volg ons deur HIER te kliek.

## Kantoor Kaskenades

Verbeel jou, jou ma skep vir jou kos in 'n bakkie, en die bakkie ry weg.

## Bybel 101!



© BIBLICAL ARCHAEOLOGY SOCIETY

### Het jy geweet...

Huidige argeologiese opgrawings toon aan dat die provinsie van Galasië (die gehoor van Paulus se brief "Galasiërs") verder suid gestrek het as wat ons voorheen gedink het. Dit impliseer dat die gehoor van Paulus se brief ook groter was as net 'n paar gemeentes in die streek.

Is jy deel van 'n Omgeegroep? *Sluit aan!* en word vandag nog deel!

## Potjiekos kompetisie




Ons is opsoek na die Potjiekoskoning. As jy dink jy het die wen pot om gekroon te word, soek ons vir JOU! Die tema is "**Christmas in June**." Skryf vandag nog jou pot in vir die potjiekoskompetisie. Vir die Inskrywingsvorm, kliek HIER. Maak ook 'n dag daarvan en kom wees deel van die gesellligheid. Bring jou piekniekmandjie met jou eie drinkgoed en bestel jou bord vir net R80 - dalk kan jy ons help die wen pot uitkies? Om jou kaartjies te koop, kliek HIER.

Vir meer inligting, kan jy ons webtuiste besoek of vir Fanie kontak.

Wil jy graag deur een van die predikante besoek word? *Kliek hier!* Vir die huisbesoek-versoekvorm

# "Save the date"

| 4 Junie<br>Gemeenteraad Vergadering | 6 Junie<br>Potjiekos Kompetisie | Gemeente Wegbreek<br>14 - 16 Augustus |
|---|---|---|
|  |  |  |

Baie dankie aan ons algemene werkers wat sorg dat Eldoraigne Familiiekerk skoon en netjies is en die tuine onderhou word.



Ruth



Primrose



Johanna



William



Elvis

**Wil jy meer inskakel?**

*Raak Betrokke!*

**by ons Familie!**

HERE, U is my God!
U sal ek verhoog; u Naam sal ek loof;
want U het wonders gedoen,
raadsbesluite uit ver tye,
waarheid en trou.
**Jesaja 25:1**

# Verjaarsdae vir die week

**Baie geluk!**

George Jones 25/05
Rinie Lombard 25/05
Yoti Pretorius 25/05
Petro van Rensburg 25/05
Mariana Holiday 26/05
Antoinette Strumpher 26/05
Carina Bennemeer 27/05
Edna O'Donovan 27/05
Jana Strauss 27/05
Willie Horne 28/05
Schalk van der Merwe 28/05
Kobus Barnard 29/05
Johan Basson 29/05
Douw Kruger 29/05
Pieter Pelser 29/05
Ronald Snyman 29/05
Tian Els 30/05
Bernard Lourens 30/05
Pieter Smith 30/05
Ursula van der Merwe 30/05
Luca Coertse 31/05
Chantal Jacobs 31/05





Mag jy 'n lekker dag hê en 'n geseënde jaar vol vreugde en geluk!

# Nuwe Intrekkers

Weet jy van iemand wat nuut is, verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

*Welkom!*

# Lief & Leed

Weet jy van enige lief of leed in die gemeente? Skakel asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844 om die leraars in kennis te stel.



**Het jy enige nood?** *Laat weet ons* **vir 'n gebedsversoek!**

# Lewensverryking Seminare 2026




**Vir meer inligting, besoek hul webtuiste HIER, of kontak hulle by 083 251 6725 / 087 095 0512**

# Prisma

Ons benodig dringend hulp en bydraes
van spesifiek
hierdie versoek.
Geen kindjie wil met koue voetjies
skool toe gaan nie.
Baie dankie aan almal
wat altyd bereid is om te help waar
daar nood is.



# Bybelverspreiding

**BYBELVERSPREIDING VIR HOOP**

**Bybels verteenwoordig die Woord van God, ongegag hoe jy dit sien – ons het dit nodig.**

**Hoekom doen ons dit?**
Daar is 23 miljoen mense, in SA, sonder 'n Bybel, ons het 'n doel. Wiele van Hoop, geformaliseer in die BIBLIA NPC, staan in die gaping van hierdie behoefte – ons versprei Bybels na plekke waar jy soms moeilik sal kom sonder 'n goeie bakkie of 4x4, daar waar baie mense vergete is.

**Waar staan ons vandag?**
Lesotho 2013 (2 Bokse Bybels – Sani Top Chalets),
Namibia 2019 (1 Boks Bybels verdwyn tussen pompjoggies en hekwagte),
Lekgalameetse in Limpopo 2024 (600 Bybels en Bybel boekies),
Swartruggens 2025,
Lekgalameetse 2025 (561 Bybels en 361 Bybel Boekies) en
Mtomeni Safari Kamp in Letaba Ranch - September 2025.



**Wat volg?**
Lesotho 14-19 Maart 2026 (10 Sesotho en 10 Engels),
Lekgalameetse 8-12 April 2026 (beplan 304 Bybels en 12 Audio Bybels),
en behoefte bepaling in Hothazel en Van Zylsrus.

**Hoe gaan ons dit volhou?**
Ons begin oorgee aan gemeenskappe waarna ons hulle sal steun – gemeenskappe moet hulself versorg.

**Wat het ons nodig?**
Mense met wiele.
Finansies om Bybels aan te koop @ R150 per Bybel.
R30 000 vir die Lekgalameetse 8-12 April 2026 uitreik

**BANKBESONDERHEDE**
**BIBLIA NPC**
**ABSA TJEK: 4122 580 051**
**TAKKODE: 632005**
**Stuur bewys van betaling aan:**
**info@biblia.org.za**


**Hierdie fondse sal slegs aangewend word vir die aankoop van Bybels.**

**Ons praat graag met julle!**
**Johan & Belinda Coetzee: 083 445 0452 / Johan & Elna du Plooy: 082 852 2395 / www.biblia.org.za**

**Vir almal se hulp en betrokkenheid sê ons**

*Dankie!*

**Hiér maak JY saak!**




www.eldofam.co.za

Gaan besoek ons webtuiste vir meer inligting oor alles wat by die kerk gebeur!

**Jesaja 41:10**

Moenie bang wees nie, want Ek is by jou; moenie vrees nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou; ook help Ek en ondersteun Ek jou met my seëvierende regterhand.

# <u>Ondersteun asseblief ons adverteerders</u>

**Kom loer in by Heavenly Coffees Express vir 'n heerlike koel lafenis in die hitte - ons het yskoue koffie slushie, gegeurde slushies vir die kleinspan en top gehalte regte egte roomyse in 'n variasie van geure.**

**Kry sommer 'n pak koffiebone terwyl jy daar is!**

**Ons is by Willem Botha Rylaan Nr 251, regoorkant Laerskool Wierdapark, langs die Gereformeerde Kerk**

## HEAVENLY COFFEES






Die Algemene Sinode het tans 'n vakature (permanente posisie) vir 'n Administratiewe Assistent. Die suksesvolle kandidaat sal 'n omvattende ondersteuningsdiens aan die kantoor van die Algemene Sinode bied.

**Belangstellendes kan hul CV en 'n kort motiveringsbrief stuur na <u>dewyku@ngkerk.org.za.</u>**

•

Aansoeke sluit op 29 Mei 2026 om 13:00. Diensaanvaarding: 1 Julie 2026 of so spoedig daarna.
Die Algemene Sinode behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak indien daar nie 'n geskikte kandidaat gevind word nie.

# DANKIE!

**BIBLIA NPC**

Reg No: 2025/339107/08

**Gemeenteraad Eldoraigne Familiekerk**

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor die Kerkraad en gemeente vir hul ruimhartige donasie. Danksy hierdie donasie, sowel as ander, kon ons Bybels en Bybel verwante materiaal vir vier skole in die Lekgalameetse-gebied van die Limpopo-provinsie aankoop.

In totaal het ons Bybels en Bybel verwante materiaal aan 1 243 kinders gegee, agt oudio-Bybels aan die skole, 54 Bybels aan die skoolpersoneel en 'n bykomende ongeveer 60 Bybels aan volwassenes buite die skole. Die meerderheid van hierdie kinders en volwassenes het tot dusver nie 'n Bybel besit nie.

Navorsing dui daarop dat een Bybel ten minste sewe mense bereik, en in arm, afgeleë gebiede kan hierdie syfer so hoog as 20-50 wees.

Deur een Bybel op 'n slag te gee, glo ons dat ons die Woord van God versprei en hoop in afgeleë gebiede van Suid-Afrika bring.

Johan du Plooy